PREDIKANTE:
Dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
Ds Louis Buys
☎ 082 927 2034

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

Gereformeerde Kerk Benoni

Polsslag

1 April 2018

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

KOÖRDINEERDER
Ronel Ritchie
☎ 081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE:

Oggenddiens 09:00
student: Ruan Steyn

***Skrifgedeelte**: Openbaring 14:1-5*
***Fokusvers**: Openbaring 14: 4 & 5*
***Tema:** Die Here het die oorwinning behaal - leef onberispelik en met vreugde voor Hom!*

Aanddiens 18:30
student: Ruan Steyn

***Skrifgedeelte:** Genesis 22: 1-19 en 28:10-22*
***Heidelbergse Kategismus:** Sondag 34*
***Tema:** Met die eerste gebod leer God ons vertroue.*

KOINONIA - Ons gee om vir mekaar

VOORBIDDING:

- **Lidmate wat tans kankerbehandeling ontvang**: Hanlie Buys, Hettie Viljoen, Erika Buma, Corrie Deenick.
- Ons dra tannie Ann Mackay, wat blaaskanker het, en haar geliefdes op vir krag en genade.
- ***Die volgende lidmate ly aan verswakte gesondheid:** Jan Bakker, Susan Botha, Drienie Roselt, Louis Buys.*
- *Oom Chris Notnagel het 'n ernstige beroerte gehad, en is in die ICU by die Linmed Hospitaal.*
- *Ansofie Neuhoff het 'n rugoperasie ondergaan, en ons is saam met haar dankbaar dat dit goed afgeloop het. Sy sterk tuis aan.*

Ons dink aan hierdie lidmate en hul families in ons gebede en dra hulle aan die Here op.

" My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie, sê die HERE; soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes."

Jesaja 55: 8 & 9

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS.
KOM GENIET 'N KOPPIE KOFFIE/TEE IN DIE SAAL SAAM MET ONS NA DIE EREDIENS.

GEBEDE

Die gebed in die erediens en in huise en die binnekamer sluit in eerbied en bewondering vir God (lofprysing) en dankbaarheid teenoor God (danksegging), sondebesef en berou (verootmoediging en skuldbelydenis), smeking wat selfs 'n klaaggebed kan wees, afhanklikheid en Christelike liefdesgesindheid (voorbidding).

Lof kan beskou word as erkenning van wie God is (sy deugde) en dank as erkenning vir wat God skenk en doen (sy dade). Lof is die hart van Bybelse gebede en lof kan getipeer word as die sentrale doel van elke gebed. In die dankgebede word God gedank vir sy reddingsdade, sy hulp, beskerming en genadegawes. God se reddingsdade trek saam in die lewe, sterwe, opstanding en voorspraak van sy Seun.

In die verootmoediging en skuldbelydenis voor God is 'n belangrike erkenning dat ons almal sondaars is. Ons moet ook die sonde van die gemeenskap, die sonde van die nasie op ons neem. Die toorn van die Here kom oor alle sonde. Die bidders moet die Heilige Gees smeek om berou in hulle wakker te maak oor hulle sondige lewenstyl en dié van die gemeenskap.
Die Here beloof dat opregte skuldbelydenis deur vergewing gevolg sal word en daarom sal die bidders self onmiddellike vergiffenis ervaar en 'n nuwe verhouding met God word daardeur gekonstrueer.

Lees volgende week oor voorbidding en smeking…...

OUDERLING DIENSBEURTE	
Vandag	Johan Pretorius
8 April	Hennie Coetzer

MAAK 'N SKENKING

LESOTHO UITREIK

Die Afrikagroep het in die verlede baie geseënde uitreike na Lesotho gehad en opvolgprojekte wil graag hierdie winter weer aangepak word.

Die behoeftes is GROOT maar die fondse is min en die lokale aanvraag na Bybels veroorsaak dat ons nie reserwes opgebou kry nie.

Ons beplan om 600 Bybelleerboekies vir jong kinders en 600 Bybels aan te koop wat ten minste R60000 gaan beloop en 'n verdere R20000 om die projek te finansier.

Die Bybelhuis het huidiglik tot einde Maart 'n promosie waar ons die Bybels min 50% kan aankoop en ons wil graag die geleentheid aangryp.

Ons gemeente word ernstig versoek om ons finansiëel by te staan in hierdie projek met skenkings dat ons die Evangelie kan versprei vir geestelike soekende mense.

Vir verdere inligting of om skenking te maak kontak: Lenie by 083 457 8861 of Pieter by 083 297 7871.

Groete in Christus

THERE4-BEDIENINGE VROUEBEDIENINGSREIS

Janine van There4bedieninge en 8 ander dames reis na Midde-Ooste binnekort om vir vrouens wat vervolging ervaar of voor ISIS moes vlug te bemoedig. Daar is 'n paar maniere waarop jy by hierdie reis kan betrokke wees:

· Reis op jou knieë saam (stuur epos aan travel@there4ministries.org) Jy sal elke dag gebedsversoeke en terugvoer terwyl hulle reis ontvang

· Borg kospakkies vir vlugtelinggesinne (R350 per gesin) Donasies kan per EFT in die volgende bankrekening inbetaal word:

Bank: FNB
Rekeninghouer: There4 Ministries
Tipe rekening: Tjek rekening
Rekening nommer: 62515023084
Takkode: 261050
NB!! Verwysing: "Kospakkies"

· Bring enige van die volgende items na die kerk en plaas in die krat in die voorportaal wat gemerk is "Donasies vir midde ooste":
Dun inkleurboeke; boksies kryte; ballonne; tennisballe; springtoue; springrekke; groot pakke sagte lekkergoed; gewone tee met "tags"aan; Oh so Heavenly handeroompies; gehekelde kruisies; A5 – grootte lapsakkies (kontak Ena of Jenny vir instruksies)

Dankie. Vrede. Blessings Janine Coetzee

Vir meer inligting kontak
Veronica vd Wateren op
084 247 2321

VERJAARSDAE 1 - 7 April 2018

BAIE GELUK AAN ALMAL WAT HUL VERJAARSDAE VANDAG EN IN DIE KOMENDE WEEK VIER!

DAG	NAAM	KONTAK NO.
Vandag 1/04	Christa Venter	082 920 2745
Woensdag 4/04	Tessa Grobler Lizé-Marié Steuber	074 106 7966 076 521 9085
Vrydag 6/04	Charl Potgieter (snr.)*	082 891 4745
Saterdag 7/04	Niggi Buys Vincent van Dyk Zelise Yssel	072 266 4630 083 389 0924 084 367 1724

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

SUBTEMA 3 VIR 2018

GELOOFSEKERHEID

15 APRIL TOT 27 MEI 2018

Die volgende subtema vir die jaar wat in die woorverkondiging en by wyksbyeenkomste behandel sal word is "Geloofsekerheid"

Die volgende hoofgedagtes sal o.a. behandel word:

* Wat is geloof?
* Wat is geloofsekerheid?
* Het jy geloofsekerheid?
* Hoe bevorder mens geloofsekerheid?
* Hoe geloofsgroei christelike karakterbou bevorder?
* Geloofsgroei deur gehoorsaamheid.
* Verskillende tipes spiritualiteite.

Leiersinligting en studiemateriaal sal Sondag 15 April direk na die oggenddiens aangebied word.

Aan die einde van tema 3 word daar 'n dankseggingsete beplan om 11:30 in die kerksaal. Ons moedig alle lidmate aan om die dankseggingsete by te woon.

Nagmaal sal ook op die **25ste Mei** 2018 oggend en aand bedien word.

Raak Betrokke

WAAR KAN JY JOU GAWES AANWEND?

OMGEEGROEP.

Een van die heel beste maniere om geestelik te groei, is om te dien. Wanneer ons van onsself gee en iets doen asof ons dit vir Jesus doen, vind daar 'n verdieping in ons gees plaas

Die omgeegroep is 'n aantal lidmate wat op gereelde basis siek lidmate en ingekluisterdes besoek en bemoedig

Daar is min dinge wat jou verhouding met die Here so goed kan doen, soos om aan 'n omgeegroep te behoort. Vind uit hoe jy dit kan doen!

As jy by hierdie diensgroep betrokke wil raak, kontak asb. die diensgroepleier :

Corrie Yssel ☎ 082 578 4094

MUKHANYO TEOLOGIESE KOLLEGE

Die Mukhanyo Teologiese Kollege is geleë in KwaMhlanga Noord-oos vanaf Pretoria. Die kollege verskaf

Gereformeerde teologiese opleiding vir predikante, evangeliste en ander kerk leiers.

Die geskiedenis van die kollege begin by die werk van Eerw. Rob Rebel, 'n evangelis van die Christe-like

Gereformeerde Kerke in Nederland. Hy het in 1985 begin met die opleiding van plaaslike kerkleiers in KwaNdebele. In 1994 word die opleiding na 'n voltydse opleiding sentrum verander met Prof. Flip Buys aan die hoof daarvan.

Die buitedeurkollekte op die 15de April sal aan Mukhanyo Kollege afgestaan word.

MUKHANYO
Theological College

SOEK DIE BYBELVERS.

Verlede keer 25 Maart 2018 se antwoord: Lukas 17: 6

" Maar die Here antwoord: "" As julle maar geloof so groot soos 'n mosterdsaad gehad het, sou julle vir hierdie moerbeiboom kon sê: Trek jou met wortels en al uit die grond uit en plant jouself in die see, "" en hy sou julle gehoorsaaam. "

Die volgende Bybellesers het korrekte antwoorde ingestuur:
Martie Gibson ; Elma Jansen ; Klein de Kock ; Judy Greyling

Hierdie week: Soek die Bybelvers

" Saul se seun ???????? was veertig jaar oud toe hy koning van Israel geword het, en hy het twee jaar geregeer. Net die Judastam het vir Dawid ondersteun. "

Vraag: Wat was Saul se seun naam wat na hom koning van Israel geword het?

Lees gerus Samuel en noem Saul se seun se naam wat hom as koning van Israel opgevolg het en verskaf die vers waar dit staan, en SMS die naam met jou Naam en Van na 082 873 3173.

IS U OP DATUM MET U DANKOFFER?

Vra gerus vir 'n **debietordervorm** om die administrasie hiervan vir u en ons te vergemaklik. Vorms is ook beskikbaar in die inligtingsvakkies in die voorportale van die kerk.

Mag jy Paasfees ingetrek word in die liefde wat God vir ons kom bewys in Jesus se kruisdood, en mag die krag van sy opstanding jou hart en wêreld verlig!

Geseënde Paasfees!

KOLLEKTES

Kollektes van 25 Maart 2018

Diens van Barmhartigheid	: R	6127
Bybelverspreiding	: R	2723
Jeugfonds	: R	366

Vandag:

Onder die diens: Diens van Barmhartigheid
By die deure: Kerkkas

Volgende week: TSP Biblioteekfonds
Doel: Om boeke vir studentedoeleindes en naslaanwerke by die Jan Lion Cachet-biblioteek van die teologiese Skool van

GK LICHTENBURG 125-JARIGE FEESVIERINGE 2 EN 3 JUNIE 2018

Die Gereformeerde Kerk Lichtenburg vier op 2 en 3 Junie 2018 haar 125-jarige bestaan as gemeente.

Ons nooi alle oudlidmate uit om die naweek saam met die gemeente te vier.

Alle belangstellendes kan skakel met die kerkkantoor vanaf 14:00 – 17:00 – Maandag tot Vrydag by 018 632 1052 of e-pos: gklichtenburg@gmail.com

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE: —

BANK - ABSA
TJEK REK - 220 340 333
VERWYSING - Volle Naam, Van & Doel

Of Snapscan:

Diens van Barmhartigheid

Kerkkas